

Ds. A. W. C. Bester  
Vredendal Wes  
5 Junie 1976

Onderwerp: Eenheid en gemeenskap van Heiliges

Lees: 1 Petrus 2 verse 1 - 10

Johannes 12 vers 32

Teks: Johannes 12 vers 32

1 Petrus 2 verse 9 en 10

Sing: Psalm 100

Gesang 52

“Ons moet erken dat daar ’n pynlike vervreemding tussen mense bestaan. Die sonde het die liefdesgemeenskap verbreek, nie alleen dié tussen die mens en sy God nie, maar ook tussen mens en mens is daar verwydering. Dit het sy droewige uitwerking vandag ook tussen Christene, met die tragiese vervreemding en verskeurdheid tussen kerke en genootskappe. Daarby praat en lewe kerke van dieselfde belydenis nie alleen by mekaar verby nie, maar staan vyandig, krities en bestrydend teenoor mekaar.

“Ons bely om gesamentlik die liggaam van Jesus Christus te wees, maar daar is soveel teenstrydighede en onversoenlike elemente in dieselfde liggaam; ’n gebrek aan ’n eensgesinde Gees; so min eenstemmige antwoorde op die Woord van God.

“Dit is ’n abnormale toestand. Die veelvuldigheid van Christenkerke kan nie eenvoudig verklaar word as ’n ontvouing van die rykdom van genade wat in Christus Jesus aan die mensdom gegee is nie. Dit is nie sondermeer so deur God beplan nie. Dit kan nie sondermeer as normal aanvaar word nie.

“Hierby moet ons toegee dat nie alle andersheid sondige andersheid is nie. Daar is so iets soos ’n Godgewilde verskeidenheid wat in harmoniese saambestaan tot openbaring kom. Ons moet egter nie te veel klem lê op kulturele onderskeid sodat ons die eenheid in Christus Jesus vergeet nie. Die wese van die kerk van Jesus Christus lê in sy eenheid onder alle volke, tale en nasies.

“Wat is die aard van die eenheid en gemeenskap van die heiliges? Dit is die band van gelowiges met Jesus Christus. Dié eenheid is die werk van die Heilige Gees in die liggaam van Jesus Christus. Hy maak die verdienste, die lewe en die gesindheid van Jesus

Christus vir ons 'n belewenswerklikheid. En hy doen dit in elke gelowige. Elke gelowige word dus aan Jesus Christus verbind deur die werking van die Heilige Gees.

En nou is dit juis hierin - in die één Gees, één versoening, één doop in Jesus Christus se dood, één Vader, één Verlosser - dat ons eenheid as gelowiges wortel. Jesus Christus sê: 'En Ek, as Ek van die aarde verhoog word, sal almal na My toe trek.' (Joh 12:32)

"In Jesus Christus word die selfverheffing, trots en eiewaan van die mens oorwin. In Jesus Christus word ook die eensaamheid van die mens (vanweë sy sonde) opgehef deur die verlossing en deurdat hy die gemeenskap met die Heilige Gees deelagtig word. En só bring die Heilige Gees die mens weer bymekaar in die band van die liefdesgemeenskap.

"Soek ons na die eenheid van die mensdom? Dan moet ons eers vra na verlossing van sonde. En dit bring ons by die kruis en Jesus Christus. Wie eenheid soek vir mense wat in sonde verval is, moet en sal dit vind in Jesus Christus en in Hom alleen.

"Geloofsgemeenskap is die vrug van die kruis. Jesus moes sterwe om ons nie net met God te versoen nie, maar ook met mekaar.

"Waarom verwaarloos mense hul onderlinge gemeenskap en die gemeenskap van gelowiges? Die rede is dat hulle die kruisboodskap verwerp en verwaarloos. Hulle is vervreemd van die Here Jesus en bedroef die Heilige Gees.

"Die eenheid van die gelowiges word in die kerk gedemonstreer in ons Christelike belydenis. Ons bely: 'Ek glo aan 'n heilige, algemene Christelike Kerk, die gemeenskap van die heiliges ...' Die mens verloor nie sy persoonlikheid en sy identiteit in die kerk nie, maar hy verloor sy eensaamheid, sy afsydigheid en sy geestelike onvrugbaarheid. Hier bely hy sy eenheid met die mensdom in sy sonde, maar ook sy eenheid met gelowiges in hulle verlossing.

"Die kerk is die terrein waar mense mekaar ontmoet en mekaar vind in die Here Jesus. En wanneer ons mekaar in die kerk begroet as volgelinge van Jesus Christus, dan word die Pinksterbelevens weer opnuut ondervind: een van siel, een van sin.

"Wanneer ons as gelowiges ons eenheid in die kerk demonstreer kan die oog nie vir die hand sê: Ek het jou nie nodig nie.

"Wie meen om sy onderlinge byeenkomste te versuim en God in die natuur te gaan soek, ly aan selfbedrog, verarm sy siel en verarm die gemeente.

Die eenheid van gelowiges sluit alle volke in. Alhoewel daar 'n oorgevoeligheid is oor hierdie punt, moet ons vra: wat verhinder hier die gemeenskap en eenheid van die heiliges? Dit is die verontagsaming van ons punt van eenheid, ons eenheid in Jesus Christus.

“Jesus Christus het gekom om die gebroke menslike lewe te heel, die vervreemding op te hef. Hy is die liggaam waarvan die lede onderling saamgevoeg is. Ons moet nie uit die oog verloor nie dat wie ookal in Jesus Christus glo, die Heilige Gees ontvang het. Met so 'n iemand is ons een in Christus.

“Broers en Susters, wat word van u en my in verband met hierdie eenheidstrewes verwag? Ons kan dit bevorder deur brue te bou. Daar moet naas die dankbaarheid vir ons kerk ook ootmoed (gehoorsaamheid) en nederigheid wees. Ons moet waak teen die verbreking van die eenheidsband. Ons moet begin om ons eie geestelike huis in gereedheid te bring. Die kerk op te soek, te waardeer en te bevorder.

“Bo alles moet die gelowige gehoorsaam luister na die Woord van die Here, geheel oorgegee aan die Gees van die Here en vervul met die Gees van Hom van wie se liggaam ons deel is.

“Dit is die weg waarlangs ons, ons eenheid met die res van die liggaam van Jesus Christus demonstreer.

“Amen.”

Kommentaar:

Die ou NG Kerk word daarvan beskuldig dat dit die Evangelie verdraai het om Apartheid te regverdig.

Dit is duidelik uit hierdie preek dat ds. Bester dit nie gedoen het nie. Hy het die ware Evangelie getrou en sonder afwyking verkondig. En as Afrikaner het hy nie sy identiteit verloën of prysgegee nie. Hy het dit gekoester as 'n waardevolle gawe uit God se hand.

Dit laat die vraag ontstaan of dié beskuldiging teen die ou NG Kerk werklik gegrond was?

Ons weet nou dat die NG Kerk deur Vrymesselaars geïnfiltreer en vernietig is.

Die Vrymesselary is 'n sataniese organisasie wat as front-organisasie van die *New Age* Beweging beoog om die volgelingen van Jesus Christus wêreldwyd te vernietig.

(Die Vrymesselary se sataniese verbintenis en spesifiek die infiltrasie en vernietiging van die NG Kerk word breedvoerig beskryf in W. P. D. de Waal se boeke *Tot hiertoe en nie verder nie* en *Waar sal ons hulp vandaan kom?*)

John Ankerberg en John Weldon beskryf die Vrymesselary se sataniese verbintenis in hulle boek *The Secret Teachings of the Masonic Lodge*:

“... wyle Walter R. Martin, ’n erkende outoriteit op vergelykende godsdiens, het na Vrymesselary verwys as ‘metafisiese Satanisme’ ... Dit is presies wat dit is.”<sup>1)</sup>

Een van die *New Age* Beweging en die Vrymesselary se kenmerkende werkswyses is ’n *divide and conquer* strategie waarmee hulle verdeeldheid en konflik onder hul teenstanders saai om hulle van binne te vernietig.

Die abnormale verdeelheid onder Christene, waarna ds. Bester in sy preek verwys, is ’n onteenseglike uitvloeisel daarvan. Laat daar geen twyfel daaroor wees nie.

Wat die *New Age* Beweging se breër strategie betref, is een van hul oogmerke om deur middel van ondertrouery ’n identiteitslose wêreldbevolking te skep wat nie teen hulle beplande wêreldoorheersing sal kan saamstaan nie. ’n Profesie in Daniël 2 vers 43 verwys hierna:

“... hulle sal deur menslike gemeenskap onder mekaar vermeng raak, maar hulle sal nie aanmekaar vasklewe nie, net soos yster nie met klei meng nie.”

Hierteenoor het God juis volke geskep as teenfoeter vir Satan se plan om die wêreld te beheer.

Om jou eie identiteit in stand te hou, kom van God af; en moenie dat die duiwel jou anders wys maak nie.

Verder is dit belangrik dat Christene uit alle volke saamstaan.

So is ’n Duitser, Engelsman, Fransman, Zoeloe of Xhosa, ensovoorts wat ’n Christen is, my broer en suster in Jesus Christus, sonder dat ek daarop aandring dat hy sy volksidentiteit of sy verbintenis met sy eie mense moet prysgee.

Iemand wat van my eis dat ek my identiteit as Afrikaner en my verbintenis met my mense moet prysgee voordat hy my as Christen aanvaar, kom nie van die HERE af nie.

---

<sup>1</sup> Ankerberg, John en John Weldon *The Secret Teachings of the Masonic Lodge: A Christian Perspective*, Expanded Moody Press edition, Chigaco: Moody Press, 1990, p. 241; wat aanhaal uit Ankerberg, John, William Mankin and Walter Martin “Christianity and the Masonic Lodge: Are they Compatible?” *The John Ankerberg Show*, Transcript 1985, The John Ankerberg Evangelistic Association, Chattanooga, Tennessee.